15.3 RAPPORT 3: DIAKONALE SAKE – BESTUUR EN FINANSIËLE BEHEER (Art 146)

A. Ds MJ Erasmus lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2006:168, 5)

1.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.

1.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Algemeen*: Die Deputate SDDS tree koördinerend op ten opsigte van

2.1.1 Insameling en hantering van fondse.

2.1.2 Bepaling van beleid met betrekking tot personeel.

2.2 *Insameling en hantering van fondse*: fondse is op die volgende wyses ontvang en geadministreer:

2.2.1 Waar spesifieke opdragte vir die aanwending van fondse ontvang is, is hierdie opdragte stiptelik uitgevoer.

2.2.2 Waar fondse ontvang is vir algemene aanwending deur SDDS, is hierdie fondse verdeel met in agneming van die volgende:

2.2.2.1 Fondse wat direk van die kerkverband aan tehuise gestuur is.

2.2.2.2 Spesifieke behoeftes by die tehuise.

2.2.2.3 Normaalweg het die verdeling op ‘n gelyke basis geskied maar verdelings is ook gedoen waar die tekort op ‘n bepaalde tydstip die grootste was.

2.2.2.4 Inspraak deur die kinderhuise oor fondse wat vir hulle ontvang is.

2.2.2.5 Verdeling om voorsiening te maak vir bystand aan diakonieë kragtens KO, art 25. Die geouditeerde state word jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro en aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering voorgelê.

2.3 *Subsidies*: Soos in die verlede het dit weer duidelik geword dat subsidies van owerheidweë nie met inflasie tred hou nie. Soos by alle welsynsorganisasies word die finansies van die kinderhuise steeds jaar vir jaar onder groter wordende druk geplaas.

2.4 Gedurende die afgelope drie jaar het die Besture en personeel van ons kinderhuise nog steeds op alle terreine saamgewerk en gereeld vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

<u>Aanbeveling</u>

Die te benoeme Deputate SDDS kontinueer die opdrag (pt 1).

Besluit: Goedgekeur.